higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE REG N6

(13030136)

28 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.

118Q1J2128

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE REG N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Opskrifte kan gebruik word om die onseker of dubbelsinnige gedeeltes van die inhoud van 'n bepaalde hoofstuk of artikel te bepaal.

1.2 Perifere of randomstandighede is 'n voorbeeld van eksterne hulpmiddels in die uitleg van reg.

1.3 Objektiewe begrip verseker dat persone mekaar se eiendom respekteer.

1.4 Aspekte van persoonlikheid is aspekte van 'n persoon se karakter soos eer, waardigheid en 'n goeie naam.

1.5 'n Landdroshof is 'n laerhof van eerste instansie wat minder ernstige straf en siviele sake hanteer.

1.6 Geregsbodes is verantwoordelik vir die handhawing van orde in die hof.

1.7 Volgens die oppergesag van die reg word mense nie teen arbitrêre staatsbestuur, diktatorskap of straatbewind beskerm nie.

1.8 PAJA (Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid) vereis nie redes vir administratiewe optrede in sekere omstandighede nie.

1.9 Regterlike hersiening beteken hoër howe mag sake van laer howe hersien en die uitsprake verander.

1.10 In 'n administratiefregtelike verhouding moet een van die partye 'n staatsinstelling wees.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Identifiseer VYF howe uit die onderstaande lys wat onder die jurisdiksie van laer howe val en gee EEN funksie van elk:

- Arbeidsappèlhof
- Onderhoudshof
- Inkomstebelastinghof
- Egskeidingshof
- Grondeisehof
- Streekshof
- Arbeidshof
- Gelykheidshof
- Hoogste hof van appèl
- Hof vir seksuele oortredings

(5 × 3) **[15]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Desentralisasie is die oordrag van bevoegdhede en funksies van ’n (a) ... persoon of orgaan na ’n (b) ... persoon of orgaan. (2 × 2) (4)

3.2 ’n Hof of tribunaal het die reg om administratiewe optrede geregtelik te hersien as die optrede andersins ongrondwetlik of ... is. (2)

3.3 Multilaterale administratiewe verrigtinge vind plaas wanneer meer as een subjek betrokke is in ’n individuele verhouding waarvan een ’n ... liggaam/persoon sal wees. (2)

3.4 ’n Persoon kan aansoek doen om ’n ... wanneer hy/sy ’n onregmatige handeling wil stopsit. (2)

3.5 ’n Tolk mag nie buite die ... van die reg beweeg wanneer tolking plaasvind nie. (2)

3.6 Publiekreg reël die verhouding tussen die (a) ... en sy (b) ... en tussen die staat of ander state. (4)

3.7 Gewoontereg is ... reg. (2)

3.8 Saaklike regte is regte met betrekking tot (a) ... en (b) ... eiendom. (2 × 2) (4)

3.9 Inheemse reg is die gewoontereg van die ... gemeenskappe. (2)

3.10 Handelsreg hou verband met die (a) ... of (b) ... bedryf. (2 × 2) (4)

[28]

TOTAAL AFDELING A: 53

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Definieer elk van die volgende terme:

4.1.1 Administratiefregtelike verhouding

4.1.2 Multilaterale administratiewe verrigtinge

4.1.3 Inheemse reg

4.1.4 Persoonlikheidsreg

4.1.5 Administratiefreg

4.1.6 Prosesreg

(6 × 2) (12)

4.2 Verduidelik kortliks hoe handboeke, as een van die eksterne hulpmiddels van uitleg, by die vertolking van die reg behulpsaam kan wees. (10)

4.3 Wanneer neem die parlement wetgewing aan of skep hy dit? (3 × 2) (6)

4.4 Verduidelik kortliks *subjektiewe regte* (SR). (6 × 2) (12)

4.5 Onderskei tussen *meganiese administratiewe verrigtinge* en *beperkte diskresie.* (2 + 2) (4)

[44]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die term *delegering*. (3 × 2) (6)

5.2 Noem DRIE vorme van regterlike hersiening. (3 × 2) (6)

5.3 Ten einde vas te stel of ’n liggaam ’n staatsorgaan/regeringsliggaam is, moet twee toetse (formeel en wesenlik) gelyktydig toegepas word.

Noem VIER vrae wat in ’n formele toets gestel word. (4 × 2) (8)

5.4 Gee AGT funksies van die Hoogste hof van appèl. (8 × 2) (16)

Kopiereg voorbehou

5.5 Sersant Paul is ’n polisiebeampte wat by die Jiane-polisiekantoor gestasioneer is. Daar is ’n TBOO-kollege onder die jurisdiksie van die polisiekantoor. Op ’n dag het studente by ’n ‘fees must fall’-staking betrokke geraak en geboue op die kollegegronde beskadig. Polisiebeamptes is ontbied om die situasie te ontlont en sersant Paul was een van die beamptes wat na die kollege gegaan het. Toe studente die polisiebeamptes sien, het hulle begin om klippe en ander voorwerpe na die polisiebeamptes te gooi, wat gereageer het deur met rubberkoeëls op hulle te skiet. Sersant Paul het egter regte koeëls gebruik en mnr B (verbyganger), wat nie deel van die staking uitgemaak het nie, in die enkel getref.

5.5.1 Mnr B wil ’n sivielregtelike eis instel.

Is dit die regte besluit? Staaf die antwoord. (3)

5.5.2 Met verwysing na die antwoord wat in VRAAG 5.5.1 gegee is, wanneer kan die staat vir die optrede van ’n burger aanspreeklik gehou word? (2)

5.5.3 Noem SES artikels rakende die instelling van ’n sivielregtelike eis. (6 × 2) (12)

[53]

VRAAG 6

6.1 Noem SES bronne van Suid-Afrikaanse administratiefreg. (6)

6.2 Verduidelik die leerstuk van soewereiniteit. (7 × 2) (14)

6.3 Gee SES funksies van die aktekantoor (Registrateur van Aktes). (5 × 2) (10)

6.4 In watter omstandighede of op watter voorwaardes kan die openbare beskermer ondersoek instel en regstellend optree? (3 × 2) (6)

6.5 Na wie kan die openbare beskermer ondersoek instel? (4 × 2) (8)

6.6 Noem waar elk van die volgende regsverteenwoordigers hul kliënte verteenwoordig:

6.6.1 Prokureur

6.6.2 Advokaat

6.6.3 Gesinsadvokaat

(3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 147
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou